# Langeberg Koöperasie Bpk, 1938-1954: 'n triomf in sosiale en ekonomiese koöperasie

*D.J. van Zyl*
*Departement Geskiedenis*
*Universiteit van Stellenbosch*

KOÖPERASIES AS 'N OPLOSSING vir of bestryding van noodtoestande in landbousektore was teen die dertigerjare van die 20ste eeu 'n algemene en erkende praktyk in Suid-Afrika. Die boere het in die stigting van koöperasies 'n oplossing gesien vir baie van hulle probleme, soos lae pryse en 'n swak afset vir hul produkte. Daarby het die Uniale regering, wat die boer se saak goedgesind was, alles in sy vermoë gedoen om die landbou te bestendig. Om bemarking te verbeter, is byvoorbeeld die Bemarkingswet van 1937 aangeneem wat vir 'n stelsel van beheerrade in die landbou voorsiening gemaak het en waarin koöperasies 'n belangrike plek sou inneem. In 1939 was daar reeds 202 landboukoöperasies met byna 90 000 lede.[1] In dieselfde jaar is 'n nuwe, meer elastiese koöperatiewe wet (no. 29 van 1939) aangeneem wat die koöperasiewese positief verander en die stigting, finansiering en werksaamhede van 'n tipe koöperasie soos Langeberg Koöperasie vergemaklik het. Dit het ook daartoe bygedra dat meer koöperasies tot stand gekom het.

Van die begin van die 20ste eeu af is verskeie wyn-, graan-, vrugte- en suiwelkoöperasies in Wes-Kaapland gestig om aan boere 'n bestendige afset en stabiele pryse vir hulle produkte te verseker.[2] Onder die vernaamstes en suksesvolstes tel die Westelike Graanboere-Koöperasie Beperk (WESGRAAN) wat in 1912 op Malmesbury gestig is[3] en die Ko-operatiewe Wynbouwers Vereniging van Zuid-Afrika, Beperkt (KWV) wat in 1918 in die Paarl gestig is.[4]




## ONTSTAAN EN STIGTING VAN LANGEBERG KOÖPERASIE BPK

Boere in die Langebergstreek (die gebied aan die voet van die Langeberge wat van Robertson in die weste tot George in die ooste strek) was met die koöperatiewe konsep vertroud en baie van hulle was lede van bestaande koöperasies in die Wes-Kaap. Dit was egter eers teen die einde van die dertigerjare dat hulle daaraan begin dink het om 'n eie koöperasie te stig om hulle vrugte en groente koöperatief te verwerk en te bemark.

Die meeste boere in die Langebergstreek was vee- en graanboere, maar talle boere het hulle toenemend op vrugte- en groenteverbouing toegelê. Die vrugte en groente was van 'n hoë gehalte, maar die produsente kon as gevolg van gebrekkige verkeersweë, die lang afstand van die naaste groot markte (Kaapstad en Port Elizabeth) en die bederfbaarheid van die produkte nie 'n bevredigende afset daarvoor kry nie, terwyl pryse ook uiters wisselvallig was. Boonop is hulle deur die enkele inmaakfabrieke wat in daardie stadium in die Wes-Kaap bestaan het (soos H Jones en Kie (SA) Bpk in die Paarl) ontoereikende pryse vir hulle produkte aangebied. Baie groente en vrugte het gevolglik verlore gegaan. Die resultaat van al hierdie negatiewe faktore was dat die vrugte- en groenteboere in die Langebergstreek 'n onseker bestaan gevoer het.[5]

Dit het dus duidelik begin word dat Langebergstreek se boere iets drasties sou moes doen om hulle ekonomiese posisie te verbeter. Vir verskeie vooraanstaande boere het die oplossing gelê in 'n koöperatiewe onderneming wat die verpakking, bemarking en inmaak van hulle vrugte en groente sou kon onderneem. Só 'n organisasie sou finansies makliker genereer, redelike pryse vir hulle produkte verseker en hulle vervoerkoste grootliks uitskakel deur hulle produkte by 'n nabygelee fabriek te lewer.[6]

Die inisiatief vir 'n inmaakkoöperasie het in 1938 van die Montaguse boerevereniging uitgegaan, en spesifiek van S.F. (Sarel) Conradie, 'n vooraanstaande en gerespekteerde boer van die plaas Zandvliet naby Ashton. 'n Kommissie uit hulle geledere is benoem om ondersoek te doen na 'n sentrale plek in die Langebergstreek waar 'n fabriek met pakhuis- en koelkamergeriewe opgerig kon word. Die kommissie se keuse het op Ashton (voorheen bekend as Roodewal)[7] geval. Alhoewel Ashton in daardie stadium skaars meer as 'n spoorweghalte was en bestaan het uit enkele geboue, waaronder 'n skooltjie, was die omliggende gebied onbebou. Grond vir die oprigting van 'n pakhuis, koelkamers en ander komponente van 'n fabriek was dus maklik bekombaar en goedkoop. Ashton was ook relatief sentraal met betrekking tot die belangrikste vrugteproduserende gebied in die Langebergstreek, die Koo, en die ander vrugte- en groenteproduserende distrikte wat die onderneming graag sou wou bedien, naamlik Robertson, Montagu, Barrydale, McGregor, Bonnievale en Swellendam. Daar was ook genoeg water (die

1 F.J.L. Steenekamp, *Landboukoöperasies in Suid-Afrika, 1900 tot 1960* (D.Comm., PU vir CHO, 1964), hoofstukke II, IV en aanhangsel I.
2 Vgl. J.G.C. Smal, *Landboukoöperasies in Suid-Afrika tot 1933: ontstaan, groei en ekonomiese betekenis* (D.Comm., PU vir CHO).
3 D.J. van Zyl, 'Geskiedenis van die WPK' in *WPK* (Huguenot, 1988), pp. 12-14.
4 D.J. van Zyl, *Die geskiedenis van die Kaapse wynbou, 1860-1924* (RGN-verslag, 1988), pp. 61-69.
5 *Die Skoolblad*, Januarie 1949, p. 23 en Maart 1949, p. 19.
6 S. Vercueil, 'Gebore uit 'n droom', *Naweekpos* 10(114), p. 8.
7 Kort nadat die spoorlyn tussen Worcester en Roodewal in 1887 deur die New Cape Central Railways Ltd voltooi is, is Roodewal vernoem na een van die direkteure van die maatskappy, J. Ashton. Sien I.J. du Plessis, *Ned. Geref. Kerk Ashton: Kwarteeufees Gedenkboek, 1949-1974* (plek en datum van uitgawe onbekend), p. 21.

Breërivier) en 'n spoorweghalte. Die spoorlyn tussen Worcester en Ashton is reeds in 1887 voltooi, het George in 1907 bereik en is later tot by Port Elizabeth verleng. Teen 1938 was Ashton dus met twee hawestede, Port Elizabeth en Kaapstad (oor Worcester), en die hooflyn na Johannesburg verbind. Die spoorlyn het dit moontlik gemaak dat die te stigte onderneming se produkte regstreeks, vinnig en goedkoop vervoer kon word.[8]

Nadat boere hulle op 'n reeks vergaderings in die Langebergstreek ten gunste van die stigting van 'n koöperatiewe inmaakonderneming uitgespreek het, is die stigtingsvergadering op 26 November 1938 op Ashton onder voorsitterskap van Sarel Conradie gehou.[9] Tydens hierdie vergadering is 'n ontwerpstatuut vir die koöperasie, wat as Langeberg Koöperasie Bpk bekend sou staan, goedgekeur. Hiervolgens het die koöperasie beoog om onder meer lede se vrugte en groente aan te koop, in te maak en teen die beste pryse te verkoop. Die kapitaal vir die onderneming sou verkry word deur die uitreiking van aandele aan bona fide-boere, verenigings en landboumaatskappye wat ingevolge die betrokke koöperatiewe wetgewing vir lidmaatskap gekwalifiseer het. Die nominale waarde van elke aandeel was een pond sterling. Die aanspreeklikheid van 'n lid was beperk tot die betaling van die nominale waarde van die aandele wat hy besit het en tot die voorwaardelike aanspreeklikheid wat aan sulke aandele verbonde mog wees. Die res van die kapitaal sou uit lenings, veral van die Landbank, bestaan.

Vanweë die koöperatiewe aard van die onderneming het daar sekere verpligtinge op lede gerus wat die lewering van produkte betref. Elke lid was verplig om jaarliks al sy produkte of 'n gedeelte van sy produkte volgens 'n kwotastelsel aan die koöperasie te lewer. Betaling vir lede se produkte sou volgens die poelstelsel geskied. Die direksie kon na goeddunke lede se produkte volgens soort en graad in 'n poel saamvoeg, dit gedeeltelik of ten volle verwerk en daarna verkoop. Lede sou 'n voorskot kon ontvang op die produkte aan die poel gelewer, maar dit sou nie hoër wees as 75 % van die heersende markwaarde van die produkte nie. Die bedrag van die voorskotte sou jaarliks deur die direksie vasgestel word en sou eweredig varieer volgens die soort en graad van die gelewerde produk. Alle direkte kostes vir die administrasie en hantering van die produkte sou met die sluiting van die poelrekening afgetrek word van die totale bedrag wat die koöperasie vir die verkoopte poelprodukte ontvang het. Verder sou hoogstens 10 % deur die kooperasie vir sy agentskapsrol afgetrek word.[10]

Die statuut het voorts bepaal dat die koöperasie gelei sou word deur 'n direksie van nege lede wat uit hulle geledere 'n voorsitter en 'n vise-voorsitter sou verkies. Nadat die ontwerpstatuut goedgekeur is, is 'n voorlopige direksie verkies, bestaande uit Sarel Francois Conradie (voorsitter), Johannes Jacobus Nel van die plaas Rietvlei naby Montagu (ondervoorsitter), Jacobus Hendrik Coetzee van Citruspoort naby Drew, Douglas Daniel de Villiers Faure van Moddera naby Barrydale, Gideon Daniel de Villiers van Vleiplaas naby Barrydale, Dennis Barry van Lismore naby Zuurbraak, Willem Fullard van Doornriviervallei naby Barrydale, Paul Jacobus Bruwer van Akkerbou naby Barrydale en Francois Daniel du Toit van Scheepersrus naby Montagu.[11]

Die direksie het onmiddellik begin om van hulle gekoesterde ideaal 'n werklikheid te maak. 'n Reeks vergaderings is in die loop van 1939 gehou waarna die idee van die koöperasie gepropageer en ledewerwing gedoen is. Intussen is registrasiedokumentasie aan die Registrateur van Koöperatiewe Verenigings voorgelê, terwyl aansoek gedoen is om 'n Landbank-lening vir die fabrieksgebou, hoofkantoor en pakhuise. Alhoewel die Landbank bereid was om 'n lening van £27 000 asook oeskredietfasiliteite op 'n jaarlikse basis beskikbaar te stel, is die amptelike registrasie van die koöperasie lank vertraag onder meer as gevolg van die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog in September 1939.[12]

In Februarie 1940 het die direksie berig ontvang dat die betrokke minister die registrasie goedgekeur het. 'n Aankondiging in dié verband wat op die laaste van 'n reeks inligtingsvergaderings op 17 Februarie 1940 in die skooltjie op Ashton gedoen is, is met akklamasie begroet deur die groot getal voornemende lede.[13] Uiteindelik, op 4 April 1940, het J.J. Adams, die Registrateur van Koöperatiewe Verenigings, Langeberg Koöperasie Beperk amptelik kragtens die Wet op Koöperatiewe Verenigings (No. 29 van 1939) as 'n koöperatiewe landboumaatskappy met beperkte aanspreeklikheid geregistreer.[14] So groot was die belangstelling van die boere in die Langebergstreek in die te stigte koöperasie dat daar met sy amptelike registrasie alreeds 216 lede was.[15] Sy aandelekapitaal was £24 000 en die getal aandele per aandeelhouer het gewissel van 25 tot 500.[16]

Op 4 Mei 1940 het die grootste vergadering van Langeberg Koöperasie tot in daardie stadium op Montagu plaasgevind. Die vergadering het 'n lening van £37 000 gemagtig om as bedryfskapitaal te dien. Die grootste gedeelte hiervan, £27 000, sou van die Landbank geleen word, terwyl die res as 'n vaste lening van 'n handelsbank verkry sou word. Op die vergadering is die nege voorlopige direksielede onbestrede as die eerste amptelike direksie van die koöperasie aangewys.[17]

Die amptelike registrasie van Langeberg Koöperasie Beperk en die verkiesing van sy eerste voltydse direksie het die begin ingelui van die vestiging van die eerste koöperatiewe inmaakfabriek in Suid-Afrika. Uiteindelik sou dit van 'n beskeie begin groei tot een van die grootste ondernemings van sy soort ter wêreld.

## DIE INMAAKFABRIEK KOM TOT STAND

Die direksie het alreeds in 1939 daartoe oorgegaan om geboue te beplan. Vir dié doel het hulle 'n knap bestuurder nodig gehad wat hulle gevind het in George Whitehead, die uiters suksesvolle bestuurder van die Villiersdorp Moskonfyt en Vrugte Koöperasie.

Op 17 Augustus 1939 is Whitehead eers tydelik[18] en vanaf 30 Maart 1940 permanent as bestuurder van Langeberg Koöperasie aangestel.[19] Gedurende die volgende jare het Whitehead as uitvoerende amptenaar met ongelooflike werkywer, inisiatief, volharding, vasberadenheid, spaarsamigheid en sy bewese sakesin die koöperasie se fondamente

[8] Du Plessis, *Ned. Geref. Kerk. Ashton*, pp. 75-76.

[9] *Die Burger*, 30.11.1938.

[10] *Ibid.* Kantoor van die Registrateur van Koöperatiewe Verenigings, Pretoria: Statuut van Langeberg Koöperasie Bpk.

[11] *Die Burger*, 30.11.1938; *Langeberg Koöperasie Bpk: Veertig jaar van diens* (geen bladsy — afdruk van oorspronklike dokument waarop lys direkteure verskyn).

[12] *Die Burger*, 26.7.1939 en 21.2.1940.

[13] *Ibid.*, 21.2.1940.

[14] Langeberg Koöperasie Argief, Bellville (LKA): Oorspronklike sertifikaat van registrasie van Langeberg Koöperasie Bpk.

[15] *Ibid.*, Notule, direksievergadering, 4.5.1940, pp. 2-5.

[16] Kantoor van die Registrateur van Koöperatiewe Verenigings, Pretoria: Statuut van Langeberg Koöperasie Bpk.

[17] *Die Burger*, 8.5.1940.

[18] Whitehead-argief, in besit van mev. J. Whitehead, Wellington: Aanstellingsbrief, Swart — Whitehead, 17.8.1939.

[19] LKA: Notule, direksievergadering, 30.3.1940, pp. 1-4.



S.F. Conradie, boer van Robertson en eerste voorsitter van die Langeberg Koöperasie Bpk. van Maart 1940 tot November 1943.*



G. Whitehead, Langeberg Koöp. se eerste algemene bestuurder (1940-1960).

gelê. Hy het 'n wesenlike aandeel gehad aan die verkryging van fondse, die aankoop van grond vir die oprigting van geboue, die ontwerp van geboue, die aankoop van masjinerie en verpakkingsmateriaal, die ontwerp en aankoop van etikette, en die aanstelling van kundige personeellede. Afgesien hiervan het hy 'n groot rol gespeel in die totstandkoming van die dorpie Ashton.

Whitehead se helder visie van hoe Langeberg Koöperasie sou opereer, blyk uit sy verduideliking aan die vergadering op 17 Februarie 1940 op Montagu. Die koöperasie sou naamlik gedurende sy aanvangstyd vier hooftake hê. Die eerste was om vrugte koöperatief te verpak. Vir die doel sou pakhuise onder meer by die hoofkantoor op Ashton, in die Koo en op Barrydale gebou word. Hier sou vrugte wat van lede ontvang word gegradeer en verpak word. Die tweede hooftaak was om koelkamers te bou wat die koöperasie een van slegs drie ondernemings in Suid-Afrika sou maak wat oor sy eie koelgeriewe sou beskik. Hier sou die vrugte geberg word met die oog op uitvoer van plaaslike bemarking. Die derde aktiwiteit van die kooperasie sou die inmaak van vrugte en die vervaardiging van konfyt wees. Van die tweede jaar af sou ook groente ingemaak word. Die vierde en laaste afdeling van Langeberg se aktiwiteite sou die aankoop en lewering van boerderybenodigdhede aan lede wees.[20]

Gedurende die eerste maande na Langeberg se amptelike registrasie het die direksie en Whitehead voorkeur gegee aan die generering van fondse om grond vir die fabriek aan te koop, om die fabrieksgebou en ander geboue op te rig en om masjinerie aan te skaf. Vir dié doel is aansoek gedoen om 'n Landbank-lening. Terselfdertyd is begin om die fabriek se oprigting stelselmatig te beplan en uit te voer. Die grond vir die fabrieksgebou is bekom toe ongeveer vier hektaar grond langs die hoofweg van Ashton van die plaaslike afdelingsraad gekoop is. Nog persele vir pakhuise is in die onmiddellike omgewing, die Koo en op Barrydale bekom.[21]

Om koste te bespaar het Whitehead self die planne vir die geboue ontwerp terwyl die koöperasie self die bouwerk onderneem het.

Onmiddellik nadat Langeberg die nuus verneem het dat die Landbank-lening van £27 000 goedgekeur is, is bouwerk op 1 Julie 1940 begin.[22] Die hoeksteenlegging het plaasgevind op 28 Augustus in die teenwoordigheid van ongeveer 'n duisend persone, wat direksielede, bestuurslede, aandeelhouers en talle genooide gaste ingesluit het. C.W.H. Kohler, voorsitter van die KWV, het die hoeksteen gelê.[23]

Terwyl die bouwerk gedurende die volgende maande fluks gevorder het, het Whitehead stelselmatig die fabrieksmateriaal en ander operasionele voorraad begin aankoop. Dit het etikette, masjinerie en verpakkingsmateriaal ingesluit. Verskeie items is plaaslik aangekoop, maar Whitehead was verplig om belangrike items van die buiteland af in te voer, soos kurk van Portugal, inmaakmasjinerie uit die VSA, yshouers en kompressors uit Brittanje en plukkiste uit Suid-Amerika en die Belgiese Kongo (Zaïre).[24] Terselfdertyd is bykomende personeel van 1 September 1940 aagestel, onder meer W.J. (Wally) Whitehead, broer van George, as die eerste rekenmeester. Soos George het Wally ook in die loop van die volgende twee dekades 'n belangrike rol in die geskiedenis van die koöperasie gespeel. Ander aanstellings het ingesluit klerklike personeel, ingenieurs, elektrisiëns, depotbestuurders en bou- en fabrieksvoormanne.[25]

Die voorsiening van water en elektrisiteit aan die fabriek het ook dringend die aandag van die direksie en bestuur geniet. Kontrakte is gesluit met die boere in die onmiddellike nabyheid van die fabriek om van hulle waterregte te bekom. Pypleidings is ook van hulle plase af na die fabriek aangelê en verskeie opgaardamme gebou. Regte is ook bekom om water uit 'n vlei en die Cogmanskloofrivier naby Ashton te pomp waarna pypleidings aangelê en reservoirs gebou is. Met die oog op die verskaffing van elektrisiteit het die koöperasie 'n transformator, 'n oliemasjien (van 20-perdekrag) en 'n elektriese opwektoestel aangekoop.[26]

Dit was alreeds vroeg duidelik dat die koöperasie se beskikbare fondse heeltemal onvoldoende was om die fabriek in produksie te bring. Gevolglik is in Oktober 1940 'n verdere lening van £100 000 van die Landbank bekom vir die aankoop van verpakkingsmateriaal en suiker, en vir die betaling van voorskotte aan boere vir die lewering van ongeveer 2 000 ton vrugte.[27] Oeslenings van die landbank sou hierna 'n jaarlikse instelling word.

Teen die begin van Desember 1940 was die fabriek klaar gebou en gereed om in produksie te gaan. Die onderskeie pakhuise wat vroeg in 1940 beplan is, was ook gereed om vrugte te ontvang. Die groot fabriek het ook 'n reuse koelkamer gehad waar 45 000 kissies vrugte geberg kon word.

Met die oog op die voltooiing van die fabriek en hoofkantoor het die direksie besluit om die inwyding daarvan feestelik te vier. Dit het op 11 Desember 1940 plaasgevind. Ongeveer 3 000 persone — een van die grootste saamtrekke in die geskiedenis van die Suidwestelike Distrikte — het die feesgeleentheid bygewoon. Hulle het die wonderlike geleentheid gehad om een van die grootste prestasies uit eie geledere te besigting: die sierlike gebou onder agt dakke, kantore, stoomketels, 'n kunsmatige droeëry, 'n reuse koelkamer, 'n konfytkokery, inmaakapparaat, verpakkingslokale en ruskamers vir werkers.[28]

*Alle foto's verskaf deur Langeberg Voedsel Bpk.

[20] *Die Burger*, 21.2.1940.

[21] LKA: Notule, direksievergaderings, 30.3.1940, p. 2; 4.5.1940, pp. 1-2 en 6; 21.5.1940, pp. 16 en 18.

[22] *Ibid.*, Notule, direksievergaderings, 19.6.1940, p. 22; 5.7.1940, p. 27.

[23] *Ibid.*, Notule, direksievergaderings, 5.7.1940, pp. 29-30; Notule, spesiale direksievergadering, 7.8.1940, pp. 41-42; *Die Burger*, 31.8.1940.

[24] *Ibid.*, Notule, direksievergaderings, 30.3.1940, p. 4; 4.5.1940, p. 13; 21.5.1940, pp. 18-20; 19.6.1940, p. 25; 5.7.1940, pp. 28-29; 18.11.1940, pp. 96, 100 en 101; 11.12.1940, p. 115.

[25] *Ibid.*, Notule, direksievergaderings, 19.6.1940, p. 26; 19.7.1940, p. 32; 7.8.1940, p. 44; 27.9.1940, p. 69.

[26] *Ibid.*, Notule, direksievergaderings, 19.6.1940, p. 23; 7.8.1940, p. 43; 6.9.1940, p. 55; 25.10.1940, pp. 77; 20.12.1940; p. 122.

[27] *Ibid.*, Notule, direksievergadering, 25.10.1940, pp. 78.

[28] *Die Landman*, 13.12.1940; *Die Burger*, 14.12.1940.



*Die voltooide fabriek op Ashton wat op 11 Desember 1940 ingewy is.*

Tydens die inwydingsplegtigheid is die direksie en veral Whitehead geprys.[29] Uit erkenning vir sy besondere bydrae het die direksie 'n oorkonde aan Whitehead oorhandig waarin hulle hulde gebring het aan sy opoffering, pligsgetrouheid en bekwame leiding.[30]

Langeberg Koöperasie se direksie en bestuur kon beslis terugkyk op 'n jaar van groot sukses. Hulle waagmoed en harde werk het in verskeie opsigte goeie vrugte afgewerp. Hulle was verseker van die steun en goeie gesindheid van 'n groot persentasie boere, boere-organisasies soos die KWV, en die Landbank. Van die begin af het die direksie en die bestuur ook probeer om die lojaliteit van hulle werknemers te verkry deur die fabrieksgeboue en kantore só te ontwerp dat dit optimale gerief en aangename werksomstandighede verseker het.[31]

Die grootste uitdaging in die onmiddellike toekoms was die suksesvolle bemarking van ingemaakte vrugte. Al die produkte is onder die KOO-etiket vervaardig en verkoop. Hierdie naam verwys na die streek by Ashton wat aanvanklik sy vernaamste produksie-area was.[32] Met die inwyding van die fabriek op 11 Desember 1940 is die eerste blikkies ingemaakte vrugte onder die KOO-etiket geproduseer[33] — die eerste van miljoene wat in die volgende dekades hulle weg na winkels, supermarkte en huishoudings plaaslik en oorsee sou vind.

## DIE GOUE OORLOGSJARE

Die groot vraag na ingemaakte voedsel wat deur die Tweede Wêreldoorlog meegebring is, was vir Langeberg Koöperasie 'n onverwagte geleentheid om 'n bres te slaan in die nuwe mark. Terselfdertyd is die koöperasie se lede bevoordeel deurdat hulle hul produksie van vrugte en groente kon uitbrei sonder die vrees vir surplusse.

Alreeds voor die einde van 1940 het Langeberg 'n groot deurbraak in die buiteland gemaak toe 'n groot bestelling ontvang is vir vars appels wat in Brittanje bemark sou word. Dit is spoedig opgevolg deur die eerste bestellings vir ingemaakte konfyt vir die Britse mark.[34] Kort daarna het Brittanje die verdere invoer van sagtevrugte na Brittanje verbied wat beteken het dat die koöperasie, soos alle ander sagtevrugteprodusente, vir die duur van die oorlog hulle sagtevrugte slegs in Suid-Afrika kon bemark,[35] en wel deur die Sagtevrugteraad wat in 1937 tot stand gekom het.

Soos wat die oorlog voortgewoed het, het Langeberg se omset veral as gevolg van die groot oorlogsbestellings uit Brittanje en plaaslik van die Departement Verdediging en Admiraliteit dramaties gestyg. Die bestellings het jaarliks uit honderde duisende kartonne ingemaakte vrugte en groente bestaan.[36] Die koöperasie se binnelandse verkope het ook skerp toegeneem as gevolg van 'n doelbewuste verkoops- en reklameveldtog. Met die oog op plaaslike bemarking het Langeberg regstreeks tot die Suid-Afrikaanse mark toegetree deur die sluiting van ooreenkomste met organisasies soos die Sentrale Koöperatiewe Graanmaatskappy (SASKO) met sy landwye verkoopspunte, en die aanstelling van agente in die vernaamste sentra.[37] Om sy ingemaakte produkte aan die Suid-Afrikaanse verbruiker bekend te stel, het Langeberg van Desember 1940 af 'n doelgerigte promosieveldtog geloods met advertensies in dagblaaie en tydskrifte en die stuur van monsters landwyd aan prominente persoonlikhede.[38]

Die oorlogsomstandighede het egter Langeberg se verkope en winsmarges benadeel. Soos ander organisasies is die koöperasie nadelig getref deur Suid-Afrika se oorskakeling vanaf 'n vrye markekonomie na 'n sogenaamde oorlogsekonomie (gebaseer op die produksie van oorlogsmateriaal). Die voorsiening in burgerlike behoeftes het dus tweede gekom. Kenmerkend van die oorlogsekonomie in Suid-

29 *Die Primêre Produsent*, 18.12.1940, p. 9.

30 Whitehead-argief: Oorspronklike oorkonde.

31 *Die Skoolblad*, Maart 1949, pp. 19-21; *Ons Kleintjie*, Januarie 1950, pp. 37-39.

32 Inligting deur J. Bothma en Wally Whitehead, voormalige lede van die topbestuur van Langeberg Koöperasie.

33 *The African Market*, April 1951, p. 18.

34 LKA: Notule, direksievergaderings, 17.10.1940, p. 72; 10.1.1941, p. 125.

35 N.A.B. Bestbier: *The history of the controlled marketing of South African deciduous fruit, 1951-1980* (D.Phil., US, 1987), pp. xxiii-xxvii.

36 Vgl. notules van direksievergaderings, 1.7.1942, pp. 442-444; 3.6.1943, pp. 664-665; 7.6.1945, pp. 5-6.

37 Notule, direksievergaderings, 1.11.1940, p. 86; 21.3.1941, pp. 175-176.

38 *Die Landman*, 13.12.1940, p. 2 en talle advertensies in koerante soos die *Cape Argus*, *The Star* en *Die Burger* en tydskrifte soos *The Primary Producer*, Notule, direksievergaderings, 26.2.1941, pp. 158-159; 24.4.1941, pp. 197-198; 27.3.1942, p. 371; 6.5.1943, p. 650.

Afrika was dat die regering produksie-, bemarkings- en prysbeheer ingestel het.[39] Kontroleurs kon ooreenkomstig die oorlogsmaatreëls aan elke inmaakfabriek voorskryf welke persentasie van sy produksie hy aan die staat moes afstaan en teen welke prys hy dit kon lewer. Hierdie pryse het min ruimte vir winsneming gelaat. Ook het die Britse regering in Junie 1941 beperkende maatreëls neergelê: vir die duur van die oorlog is privaat invoere van ingemaakte produkte uit lande soos Suid-Afrika verbied en sou alle inmaakprodukte teen vasgestelde pryse slegs via die Imperiale regering aangekoop word vir verbruik deur die Britse troepe.[40]

Hierdie beperkings het beteken dat Langeberg sy bemarkingsbeleid moes aanpas. Hy het byvoorbeeld op 'n oordeelkundige wyse 'n sekere persentasie produkte teruggehou om later teen beter pryse te verkoop. Voorts het hy agente en agentskappe tydelik uitgeskakel en produkte regstreeks aan kleinhandelaars teen groothandelspryse verkoop. Hy het ook sy inkomste verhoog deur meer boerderybenodigdhede te verkoop en as agent vir diverse organisasies, soos die Koringraad, op te tree.[41]

Na aanleiding van die reuse vraag na sy produkte het Langeberg gedurende die oorlogsjare uitstekende resultate behaal. Sy omset het gestyg van 9,8 miljoen pond ter waarde van £217 000 in 1941 tot 25,5 miljoen pond ter waarde van £708 000 in 1945. Vanweë die goeie finansiele beleid wat gevolg is, het die koöperasie goeie nettowinste behaal. Vir die twee jaar eindigende 30 Junie 1942 het Langeberg byvoorbeeld 'n nettowins van 186 000 behaal, wat skitterend was in oorlogsomstandighede.[42]

Afgesien van veranderinge in sy bemarkingsbeleid was Langeberg verplig om ook op ander gebiede aanpassings te maak. Die hantering van 'n groter massa vrugte en groente het byvoorbeeld vereis dat hy sy fabrieksgebou op Ashton vergroot en nuwe koelkamers aanbou. Bykomende kantooren ambagspersoneel is aangestel om met die toename van die koöperasie se bedrywighede tred te hou. Meer aandag is ook aan sy produsente-lede se belange gegee deurdat aanvullende dienste aangebied is, byvoorbeeld in die vorm van voorligting, terwyl administratiewe verbeterings aan die poelstelsel aangebring is.[43]

Omdat sy bedrywighede gedurende die oorlogsjare meer kapitaal vereis het, moes hy jaarliks by die Landbank groter lenings aangaan. In 1945 het die bedrag alreeds £350 000 beloop wat veral aangewend is as betaling vir boere se produkte.[44] Terselfdertyd het hy toegelaat dat sy aandelekapitaal ongehinderd groei deur nuwe lede toe te laat. In 1941 het die ledetal alreeds op 600 te staan gekom en die aandelekapitaal op £40 000.[45]

Dit ly geen twyfel nie dat Langeberg as gevolg van die oorlogsomstandighede toevallig 'n uitstekende begin gehad het. Dit het die weg gebaan vir verdere groei en uitbreiding in die na-oorlogse tyd.

## SOSIALE DOELWITTE EN INISIATIEWE

Afgesien van sy fabrieksgeboue en pakhuise was die sigbaarste monument wat Langeberg op sy pad van sukses opgerig het, die dorpie Ashton wat hy uit die grond opgebou het. Met die totstandkoming van die inmaakfabriek op die dorp en die stabiliteit en voorspoed wat dit vir die boeregemeenskap gedurende die oorlogsjare gebring het, het Langeberg sy ekonomiese doelwit bereik. Gekoppel hieraan het hy in die ware gees van die koöperasiewese ook 'n sosiale oogmerk nagestreef, naamlik om vir sy werknemers naby die fabriek 'n tuiste te skep en om hulle van soveel dienste en geriewe as moontlik te voorsien.[46]

Kantoorpersoneel, professionele lui en gewone arbeiders het toe die fabriek klaar gebou was, nie oor huisvesting op Ashton beskik nie. Hulle moes elke dag van Montagu en Robertson af na die fabriek vervoer word. Hiervoor het die direksie en Whitehead egter 'n oplossing gehad. Die koöperasie sou 'n dorp bou waar sy werknemers gehuisves sou word.[47]

Die aanlê van Ashton is kort nadat die fabriek in produksie gekom het, stelselmatig beplan en uitgevoer. Dit het gedurende die vroeë oorlogsjare begin, maar eers na die oorlog werklik beslag gekry. Langeberg het 'n sentrale rol gespeel in grondaankope, en het finansiering of waarborge vir die bou van huise en ander geboue voorsien. Hierin is die kooperasie eers deur die afdelingsraad van Montagu en na 1946 deur die plaaslike dorpbestuur bygestaan.[48]

Die eerste stap was die verkryging van grond van die afdelingsraad waarop die eerste huise en 'n losieshuis vir Langeberg se amptenare opgerig is.[49] Die eerste ontwikkeling is gedoen op 'n stuk grond wat die koöperasie van sy voorsitter, Sarel Conradie, gekoop het. Op die grond, wat ongeveer 50 hektaar beslaan het, is daar in die volgende paar jare 'n dorpsgebied, in die omgang bekend as Conradie Dorp, ontwikkel. Met die oog op verdere uitbreiding en om voldoende water te verseker, is nog grond uit die onmiddellike omgewing aangekoop.[50] Hier is net na die oorlog honderde huise en ander vorme van akkommodasie vir die koöperasie se nie-blanke werknemers voorsien. Die dorpsuitbreiding het noodwendig Ashton se inwonertal drasties laat groei. In 1943 was daar 120 blankes en 75 bruin arbeiders gevestig; in 1949 het die totale getal inwoners op 2 374 te staan gekom.[51]

Die huise in Conradie Dorp was uitsluitlik vir werknemers van Langeberg bedoel. Om aanvangskostes met die bou van huise te omseil het die koöperasie reëlings getref met die Johannesburg Building Society vir huislenings aan amptenare. Langeberg het die sekuriteit in die vorm van eiendom en bykomende waarborge verskaf. Om verdere koste te bespaar, het George Whitehead die meeste planne self opgestel. Die meeste amptenare se huise is deur die koöperasie se eie werksmense gebou. Die akkommodasie vir bruin werknemers is beskikbaar gestel deur die dorpbestuur en 'n sindikaat, wat finansieel deur Langeberg ondersteun is. Die werknemers het 'n minimumhuur vir woonstelle en tweeen driekamerwonings betaal.[52]

Benewens sy dinamiese leiding in en aandeel aan die ontwikkeling van Ashton het Langeberg ook die leiding geneem en finansies voorsien vir verskeie dienste aan Ashton se inwoners. Dit het ingesluit die bou van 'n nuwe skool wat

[39] J. v.d. B. Breedt, 'Die Suid-Afrikaanse oorlogsekonomie gedurende die Tweede Wêreldoorlog'. *Militaria* 13(1), 1983, p. 46; 13(2), 1983, p. 11.
[40] LKA: Notule, direksievergaderings, 14.3.1941, pp. 164-165; 28.3.1942, p. 378; 29.1.1943, p. 576.
[41] *Ibid.*, Notule, direksievergaderings, 10.1.1941, p. 125; 21.5.1942, pp. 408-411; 21.12.1944, p. 173; *The African Market*, April 1951, p. 19.
[42] *Die Landbouweekblad*, 12.3.1937, p. 35; LKA: Notule, direksievergadering, 1.7.1942, pp. 442-444.
[43] *Ons Kleintjie*, Januarie 1950, pp. 37-38.
[44] LKA: Notule, direksievergaderings, 22.11.1941, p. 16; 14.11.1942, pp. 26-27; 17.12.1943, p. 40; 18.11.1944, pp. 51-52; 7.12.1945, p. 63.
[45] *Ons Kleintjie*, Januarie 1950, pp. 35-39; Statuut van Langeberg.
[46] *The African Market*, April 1951, p. 18.
[47] *Die Skoolblad*, Maart 1949, p. 19-21; *Ons Kleintjie*, Januarie 1950, pp. 37-39.
[48] *Die Skoolblad*, Maart 1949, p. 20.
[49] LKA: Notule, direksievergadering, 17.2.1941, p. 150.
[50] *Ibid.*; ook 21.3.1941, p. 177; 23.10.1941, p. 302; 22.11.1941, pp. 18-20; 28.3.1942, pp. 21-22.
[51] Du Plessis, *Ned. Geref. Kerk Ashton*, pp. 75-76.
[52] *Die Skoolblad*, Maart 1949, pp. 20-21.

in 1950 ingewy is, die verskaffing van 'n goed toegeruste kliniek en die stigting van 'n kindersorgvereniging. Die koöperasie het ook die leiding geneem om 'n verbruikerskoöperasie, Aero Ko-operatief Bpk, in 1945 te stig. Die verbruikerskoöperasie, waarin Langeberg 'n aandeel gehad het, het 'n groot moderne algemene handelaarswinkel met takke op Montagu en Robertson opgerig. Op hierdie wyse is Ashton se inwoners goed van algemene verbruikersartikels voorsien.[53]

Met sy talle dienste aan sy amptenary en gewone arbeiderskorps op Ashton het Langeberg 'n groot welsynsdiens gelewer. Die infrastruktuur op die dorp wat die koöperasie geskep en help finansier het, het ongetwyfeld tot die voorspoed en welvaart van die gemeenskap gelei. Soos in die uitbouing van die koöperasie self, het George Whitehead ook hierin 'n dinamiese rol gespeel. Die hoë dunk wat die gemeenskap van sy dienste gehad het, blyk daaruit dat hy van 1946 tot 1958 Ashton se eerste burger was.[54]

## NA-OORLOGSE WELVAART IN GROEI

Langeberg Koöperasie het ongetwyfeld teen die einde van die eerste dekade na stigting op die kruin van die golf gery. Die koöperasie het oor 'n bekwame bestuur beskik, sy fabrieke op Ashton en Mosselbaai — laasgenoemde is in 1945 opgerig[55] — het doeltreffend gefunksioneer, omset het skerp toegeneem en goeie winste is behaal. Daarbenewens het die koöperasie oor lojale werknemers beskik danksy die groot dienslewering aan Ashton. Boonop het hy stabiliteit en goeie inkomste vir sy lede verseker. Dit is te verstane dat daar alreeds op 1 Julie 1947, toe die sewejarige bestaan van Langeberg gevier is, soveel optimisme oor die koöperasie se toekoms was.[56] Al hierdie positiewe resultate het die weg vir nog groter uitbreidings gedurende die vyftigerjare gebaan.

Die opvallendste eienskap van Langeberg se bemarkingsbeleid gedurende die na-oorlogse jare was die dinamiese reklameveldtog om sy binnelandse verkope te verhoog. Dit het diverse vorms aangeneem. Advertensies vir sy produkte is op grootskaalse wyse in Suid-Afrikaanse koerante en tydskrifte geplaas, sy produkte is tydens belangrike skoue ten toon gestel, afslag is aan groot winkelgroepe verleen in ruil daarvoor dat hulle Langeberg se produkte promoveer, 'n mobiele karavaan het die koöperasie se produkte landwyd aan huisvrouens bekend gestel en 'n rolprent is gebruik om sy produkte in skole en elders onder die aandag te bring. Hierdie inisiatiewe sowel as advertensies in bioskope en die beskikbaarstelling van KOO-monsters aan skoolkinders in ruil vir KOO-etikette het Langebergprodukte onder Suid-Afrikaners se aandag gebring en verkope sterk gestimuleer.[57]

Die grootste slag in Langeberg se reklameveldtog is egter tydens die besoek van die Britse koningsgesin aan Suid-Afrika in 1947 geslaan. Die Suid-Afrikaanse Spoorweë het aan Langeberg die kontrak toegeken om ingemaakte produkte te voorsien aan die Wit Trein wat die koningsgesin op hul toer deur Suid-Afrika geneem het. Vir die promosie van sy produkte was dit 'n reuse plusfaktor.[58]

Langeberg het sy afset plaaslik, in Europa en Afrikastate bevorder deur die aanstelling van talle agente en agentskappe. Hy het veral gekonsentreer op die Britse mark wat van die begin af sy vernaamste afsetgebied was.[59] Sy agent hier was Overseas Farmers wat ook die agentskap vir Kanada en die Europese vasteland ontvang het.[60]

Die na-oorlogse bemarkingstrategie sowel as die feit dat Brittanje in April 1949 sy prysbeheer op ingemaakte produkte opgehef het,[61] het Langeberg se omset baie verhoog. Terwyl dit in 1945, teen die einde van die Tweede Wêreldoorlog slegs £25,5 miljoen was, het dit teen die einde van die boekjaar van 1954 gestyg tot £39,3 miljoen. Die waarde daarvan vir die twee jare was onderskeidelik £555 544 en £1,98 miljoen.[62]

Vanweë noukeurige produksiebeplanning, versigtige finansiële beleid en groter verkope het Langeberg goeie nettowinste behaal. Sy surplusse het voortdurend gestyg. In 1945 het dit byvoorbeeld £172 741 bedra, in 1950 ongeveer £380 000 en in 1954 ongeveer £865 000.[63]

Alhoewel die finansiële posisie van Langeberg tot die helfte van die vyftigerjare kerngesond was, was daar verskeie gevaartekens in die Suid-Afrikaanse inmaakbedryf. Dit het die koöperasie gedwing om belangrike besluite oor sy toekomstige rol in die inmaakbedryf te neem.

Inmaakorganisasies in Suid-Afrika, waaronder Langeberg, is van 1952 af sleg getref deur die algemene verswakking in die ekonomiese posisie van die inmaakbedryf. Oorproduksie van ingemaakte produkte het ingetree omdat die aanvraag daarvoor verminder het. 'n Belangrike rede hiervoor was die algemene verswakking van die Suid-Afrikaanse ekonomie, maar ook die feit dat die Britse regering in 1953 en 1954 die invoer van ingemaakte produkte by die groot maat vir die eerste keer in meer as 'n dekade beëindig het. Suid-Afrikaanse inmakers was nou genoodsaak om regstreeks aan invoerders in die Verenigde Koninkryk te verkoop wat hulle in 'n ope kompetisie met verskaffers van ander lande geplaas het. Die gevolg was dat die Suid-Afrikaanse inmaakorganisasies met surplusvoorrade gesit het en onderling in 'n prysoorlog gewikkel geraak het om daarvan ontslae te raak. Hierdie omstandighede het 'n groot daling spesifiek in die kleiner organisasies se nettowinste tot gevolg gehad.[64]

As die enigste koöperatiewe inmaakorganisasie in Suid-Afrika was hierdie toestand vir Langeberg 'n groot bron van kommer. Vir hom was dit uiters belangrik dat stabiliteit in die inmaakbedryf teweeggebring word ten einde die toekoms van die produsent en die inmaakbedryf te verseker. Die enigste oplossing hiervoor was die oorname van ander inmaakorganisasies om plaaslik die grootste markaandeel te bekom.

[53] Du Plessis, *Ned. Geref. Kerk Ashton*, pp. 75-76; *Die Skoolblad*, Maart 1949, pp. 20-21.

[54] Du Plessis, *Ned. Geref. Kerk Ashton*, p. 35.

[55] Die oprigting van die fabriek het sy ontstaan in 1944 gehad toe boere van die Suidwestelike Distrikte Langeberg versoek het om nader aan hulle 'n takfabriek op te rig. Nadat 'n ondersoek oor die lewensvatbaarheid daarvan gedoen is, is grond op Mosselbaai gekoop. In Julie 1945 is met bouwerk begin en op 18 Desember 1945 het die fabriek in produksie gekom. Vgl. LKA: Notule, direksievergaderings, 21.1.1944, pp. 786-787; 16.3.1944, p. 13; 27.7.1944, pp. 66-69; 3.8.1944, pp. 5-6; 18.11.1944, pp. 53-54; 22.8.1944, p. 92; 9.2.1945, pp. 187-188; 23.3.1945, pp. 2-3; 7.6.1945, p. 5; 29.6.1945, pp. 6-7; 13/14.3.1947; *The African Market*, April 1951, pp. 18-19.

[56] *Die Landman*, 11 Julie 1947.

[57] LKA: Notule, direksievergaderings, 21.12.1944, p. 175; 24.9.1946, p. 8; 1.6.1948, pp. 9-10; 19.7.1948, pp. 10-11; 5/6.5.1949, pp. 6-8; 15.8.1951, p. 9; 8.4.1952, p. 10; 27.2.1953, pp. 7-8.

[58] Foto-album, I.J. du Plessis, Ashton.

[59] Enkele verwysings na die aanstelling van sy talle agente kan gevind word in die notules van direksievergaderings, 29.7.1948, pp. 9-10; 5/6.5.1949, p. 2; 18.9.1950, pp. 29-30; 21.3.1951, pp. 12-13.

[60] LKA: Notule, direksievergadering, 24.1.1950, p. 26.

[61] *Ibid.*, Notule, direksievergadering, 5/6.5.1949, pp. 4-5.

[62] Die Land- en Landboubank van Suid-Afrika, Kaapstad-tak, Diverse dokumente: Finansiële state van Langeberg, 1941-1960.

[63] *Ibid.*

[64] LKA: Notule, direksievergaderings, 5.5.1953, p. 16; 2.9.1953, p. 13; 15.12.1954, pp. 16, 20 en 27.

Daar was egter ook ander oorwegings wat die koöperasie beweeg het om ander inmaakorganisasies oor te neem. Hy sou daardeur sy posisie in die plaaslike inmaakbedryf veral teen sy sterkste mededingers, H Jones & Co (SA), wat in die Paarl gebaseer was, kon versterk. Indien hy as die sterkste organisasie in die inmaakbedryf na vore sou tree sou onderlinge kompetisie, prysoorloë en oorvleueling van werksaamhede grootliks uitgeskakel kon word. Voorts sou 'n groter organisasie deur sy gekombineerde koopkrag beter pryse vir produksiemiddele kon beding en daardeur oorhoofse koste bespaar. Daar is ook geglo dat 'n groter organisasie plaaslik en oorsee beter beheer en bestendiger pryse vir ingemaakte produkte kon verseker.[65]

Vier inmaakmaatskappye in Suid-Afrika het hulle in die loop van 1953 en 1954 bereid verklaar om hulle belange aan Langeberg te verkoop. Die grootste was Standard Canners and Packers Ltd wat in 1946 gestig is en sy produkte onder 'Golden Glory', 'Surfmaid' en 'Sakabula' bemark het. Die firma se fabrieke en ander eiendomme was geleë in Worcester, Port Elizabeth en Boksburg. 'n Ander organisasie was Associated Canners Ltd. Langeberg was besonder baie in Associated Canners geïnteresseerd omdat dit fabrieke in Wellington, Daljosaphat en Germiston gehad het. Sy ingemaakte produkte is onder die handelsmerke 'Dominion', 'Premier' en 'Hugo's' bemark. Wolseley Fruit Canning (Pty) Ltd was die kleinste van die inmaakorganisasies met 'n fabriek op Wolseley. Sy bekende handelsname was 'Red Robin', 'Wolseley Pride' en 'Summit'. United Enterprise Ltd met sy fabriek op Wellington en bekende 'Benedict' -produkte het hom ook te koop aangebied.[66]

Gesamentlik het die vier ondernemings met hulle agt fabrieke in verskeie dele van Suid-Afrika 'n groot rol in die inmaakbedryf gespeel. Ongeveer 6 000 boere het groente en vrugte aan dié vier fabrikante gelewer. Al die firmas was finansieel gesond alhoewel hul nettowinste veral van 1953 af sterk onder druk gekom het. Dit was die belangrikste rede waarom hulle bereid was om hulle belange aan Langeberg te verkoop.[67]

Alhoewel die pryse waarvoor die vier inmaakorganisasies in die mark was, baie hoog was — ongeveer £2,6 miljoen — het Langeberg se direksie geglo dat die voordele verbonde aan die oornames die nadele ver oorskry het. Langeberg het nie oor voldoende kapitaal beskik om die inmaakorganisasies oor te neem nie, maar Standard Canners het dit moontlik gemaak nadat hy as deel van die oorname-ooreenkoms aangebied het om die totale bedrag vir die vaste bates van die vier maatskappye aan die koöperasie teen verband te leen. Op grond van die feit dat Standard Canners as verbandhouer so 'n sterk belang by Langeberg se sake sou hê, is ooreengekom dat tot tyd en wyl die verband afgelos is Wolf Heller, Standard Canners se besturende direkteur, saam met George Whitehead as mede-hoofbestuurder van die koöperasie aangestel sou word. Wolf Heller se broer, Simon, sou ook in die topbestuur geakkommodeer word. Nadat hierdie ooreenkoms onderteken is, het Langeberg in November 1954 besit van die vier inmaakorganisasies geneem.[68]

Met die oorname van die vier inmaakmaatskappye en hul agt fabrieke, die voltrekking van die kontrak met Standard Canners and Packers en die aanstelling van die Hellers in die hoofbestuur van Langeberg het die koöperasie, wat nou 'n aandeel van ongeveer 70 % in die Suid-Afrikaanse inmaakbedryf gehad het, 'n nuwe fase in sy geskiedenis betree. Feitlik oornag het die relatief klein koöperasie in 'n reuse organisasie verander, met vertakkinge in sy oorspronklike bedieningsgebied in die Suidwestelike Distrikte, asook in die Boland, die Oostelike Provinsie en Transvaal.

## EVALUERING

Die geskiedenis van Langeberg Koöperasie in die periode 1938 tot 1954 is in alle opsigte 'n suksesverhaal — 'n triomf in sosiale en ekonomiese koöperasie. Die grootste enkele faktor wat sy ekonomiese voorspoed teweeggebring het, was dat gedurende sy aanvangsperiode 'n groot vraag na ingemaakte produkte ontstaan het. Gevolglik het dit die koöperasie in staat gestel om groot ekonomiese en sosiale voordele vir sy lede en werknemers te bied.

Gedurende die vyftigerjare het die gety egter begin draai: daar was 'n afname in die vraag na ingemaakte produkte en kompetisie tussen inmaakorganisasies het toegeneem. Die vraag was hoe Langeberg hierdie nuwe uitdaging sou hanteer en of hy daarby sou kon aanpas. Sy antwoord was om die grootste markaandeel in die Suid-Afrikaanse inmaakbedryf te verkry deur die oorname van verskeie inmaakfirmas.

Die geskiedenis sou leer dat hierdie oornames 'n groot oordeelsfout was en nie in die beste belang van die koöperasie en sy lede nie. Met die oornames het Langeberg sy kapitaalbronne oorskry en die verantwoordelikheid geërf om produkte te verwerk wat hoegenaamd nie so suksesvol bemark kon word as die produkte waarmee hy al die jare vertroud was nie. Hier moet pynappels in die Oostelike Provinsie uitgesonder word ten opsigte waarvan daar van die einde van die vyftigerjare af 'n reuse oorskot op die wêreldmarkte ontstaan het. Van 1959 af is groot verliese op ingemaakte pynappels gely wat, gekoppel aan 'n verswakkende plaaslike en oorsese mark vir ingemaakte produkte, veroorsaak het dat Langeberg van 1959 af tot 1963 reuse nettoverliese gely het.[69] In laasgenoemde jaar was Langeberg Koöperasie feitlik bankrot, maar tydige staatshulp het hom uit sy onmiddellike verknorsing verlos.[70]

Die vraag was of Langeberg Koöperasie in sy destydse vorm die krisis sou kon oorleef. Hierop is die antwoord negatief. 'n Interne kommissie wat in 1959 aangestel is, het talle leemtes in die koöperasie se bestuur en finansiële, produksie- en bemarkingsbeleid en -strategie blootgelê wat eers reggemaak moes word. Daarbenewens moes 'n drastiese rasionaliseringsprogram gevolg word.[71] Eers met die aanstelling van dr. J.B.W. Laas as nuwe hoofbestuurder in 1963 is 'n uiters streng rasionaliseringsprogram gevolg wat so suksesvol was dat Langeberg hom uit sy noustropposisie kon bevry en alreeds vanaf 1964 vir die meeste jare tot datum goeie nettowinste kon behaal.[72] ◼

[65] *Ibid.*, Diverse dokumente: Memorandum aan die Agbare Lede van die Volksraad en die Senaat oor Langeberg Koöperasie Beperk en sy uitbreiding (g.d.), p. 4; Notule, direksievergaderings, 5.8.1953, p. 18; 8.12.1953, p. 15; 29.7.1954, pp. 6-7.

[66] *Ibid.*, Notule, direksievergaderings, 22.1.1954, p. 9; Langeberg Koöperasie Argief: Memorandum aan Agbare lede van die Volksraad ... (g.d.), p. 2; Inligting, mnr. Dev. du Toit, Langeberg Voedsel Bpk.

[67] *Ibid.*, Notule, direksievergadering, 29.7.1954, pp. 8-9.

[68] *Ibid.*, Notule, direksievergaderings, 29.7.1954, pp. 7 en 11; 10/11.8.1954, p. 4; 17.11.1954, pp. 8-11; Memorandum aan Agbare Lede van die Volksraad ... (ongedateerd), p. 2.

[69] *Ibid.*, Notule, direksievergaderings, 7/8.11.1961, p. 5; 25/26.9.1962, pp. 16-17; Finansiële state 1960-1963.

[70] Sentrale Argief, Pretoria: K182 Argief van die Komitee van Ondersoek na die Langeberg Koöperasie, 24.4.1963, pp. 2-4; Langeberg Koöperasie, Jaarverslag 1964: Direksieverslag.

[71] Trek Scale Co. (Pty) Ltd, Heriotdale, Mutch-argief: Kommissie van Ondersoek: Finale verslag, 30.11.1959.

[72] Langeberg Koöperasie, Jaarverslae 1964-1989.